# HISTORIOGRAFIE EN STILISTIEK: DIE VERKENNING VAN ENKELE KONTEMPORÊRE TENDENSE

(Tweede aflewering van twee artikels.)

**Johann W.N. Tempelhoff**

***Summary***

*In the first instalment on the stylistic approach to the historiography the diversity implicated in the practice of the discipline was taken note of. Focus was placed on the paradigm of science, spirit of the time and the self. The way in which historiography and style blend to help us to understand the past was noted. In this second instalment focus is placed on the political, social as well as socio-economical historical trends. Recent trends in historical writing are also outlined.*

---

## 1. SOSIO-EKONOMIESE EN POLITIEKE TIPOLOGISERING

Klassifikasie of tipologisering is 'n wesentlike deel van die historiese denk- en formuleringsproses. Die belangrikheid daarvan het in die twintigste eeu toegeneem namate die streng historistiese aard van geskiedenis as dissipline deur die vraag na historiese eksistensie geakkommodeer is.[1] 'n Verskeidenheid tipes en selfs kripto-tipes van geskiedeniskategorieë kan geïdentifiseer word. Gewoonlik word breë riglyne neergelê sodat klassifikasie maklik en deursigtig is. 'n Bekende en tradisionele klassifikasieraamwerk is onlangs weer eens deur Jordanova uitgespel. Dit kom daarop neer dat geskiedenis hoofsaaklik in drie basiese vertakkinge verdeel kan word, te wete *sosiale*, *ekonomiese* en *politieke* geskiedenis.[2] Daarbinne is dit moontlik om bykans alle geskiedeniswerke waarvan ons weet van 'n klas te voorsien. Daar bestaan egter baie meer klassifikasies. Binne sommige kultuurhistoriese kontekste, word byvoorbeeld graag van klassifikasie in terme van *ras*,

---

1 K-G Faber, **Theorie der Geschichtswissenschaft** (München, 1974), p. 89.

2 Vir 'n kort en sinvolle beredenering van hierdie standpunt, kyk L Jordanova, **History in practice** (Londen, 2000), p. 35.

*geslag* en *klas* gebruik gemaak.[3] Hierdie benadering kan ook met onderskeidelik die politieke, ekonomiese en sosiale klassifikasiestelsel korrespondeer. Ras handel byvoorbeeld oor die politiek, geslag oor die interaksie tussen mense van uiteenlopende geslagte in die samelewing (sosiale geskiedenis) en klas het by uitnemendheid op die ekonomiese sfeer van die geskiedenis betrekking. Vervolgens sal kortliks op elkeen ingegaan word.

## 2. POLITIEKE GESKIEDENIS

Binne die Rankeaanse tradisie van geskiedskrywing het politieke geskiedenis 'n sentrale plek gehad. Dit was maklik vir Droysen om mag as faktor in die geskiedenis raak te sien en summier die staat as vertrekpunt te gebruik.[4] Na aanleiding van die opkoms van die nasionale staat in die negentiende-eeuse Europa het die staatsidee en nasionalisme 'n belangrike rol gespeel. Daar is aanvaar dat die westerse beskawing alleen binne die raamwerk van hierdie institusionele sisteme sou kon funksioneer. Derhalwe het die staat (hetsy die politieke stadstaat, of die nasionale staat) die raamwerk van openbare kultuur bepaal. Die konsensus wat spontaan beslag gekry het, het letterlik, volgens Iggers, historici van 'n grondslag voorsien waarop historiese narratief gebaseer moes word.[5] Politiek is in 'n besonder eng sin omskryf. Dit is bepaal deur 'n innerlike dinamika wat in 'n groot mate vry van die breë gemeenskap en die algemene bevolking van die staat gefunksioneer het.[6] In die twintigste eeu, met die afname in belangrikheid van die idee van die nasionale staat, het daar aansienlike klemverskuiwings plaasgevind. Daar word tans aanvaar dat politieke geskiedenis beslag kry wanneer een of meer mense hulself in 'n situasie bevind waar besluite van gemeenskaplike belang aan die orde van die dag is. Daar is dan sprake daarvan dat dit gaan oor die verkryging van politieke mag, of die handhawing van politieke gesag binne 'n bepaalde bestel. Histories is hierdie 'n geskakeerde doek waarop die historikus skilder en 'n wye veld van inkleding kan plaasvind.

---

3 Vir voorbeelde en 'n gesprek in die Suid-Afrikaanse historiografie oor hierdie elemente, kyk C Saunders, **Writing history: South Africa's urban past and other essays** (Kaapstad, 1988), pp. 32-3; H Bradford, "Regendering Afrikanerdom: the 1899-1902 Anglo-Boer War" in I Blom, K Hageman en C Hall (reds.), **Gendered nations: nationalism and gender order in the long nineteenth century** (Oxford, 2000), pp. 207-25; A Bank, "Evolution and racial theory: the hidden side of Wilhelm Bleek" in **South African Historical Journal** 43, November 2000, pp. 161-78. Daar bestaan tans 'n opvallende gebrek aan studies oor die klasseverskynsel in die huidige Suid-Afrikaanse historiografie. Die naaste wat aan 'n ekonomiese geskiedenis kom waarin klas (onregstreeks) aangespreek word, is die werk van A Lester, "Capitalism, social dislocation and cultural discourse" in **South African Historical Journal** 42, Mei 2000, pp. 277-89.

4 JG Droysen, **Grundriss der Historik** (Halle, 1925), p. 31.

5 G Iggers, "Historical studies in the 1980's. Some observations" in J Topolski (red.), **Narration and explanation: Contributions to the methodology of the historical research** (Amsterdam, 1990), p. 12.

6 **Ibid.**, p. 12.

In alle fasette gaan dit egter oor menslike interaksie. Dit mag wees dat dinamiese prosesse (sosiale of politieke dinamika) ook relevante maniere is waarop beskrywing kan plaasvind. Politieke geskiedenis is regstreeks deel van die menslike wese. Die mens se identiteit en dit wat interessant is, kan regstreeks aan die politiek gekoppel word. Gevolglik maak dit sin dat aan die voorpunt van die historiese tradisie van geskiedskrywing die politieke tradisie van interpretasie staan. Omdat daar sprake is van mag en die behoud of versugting daarna, sal stryd ook aanwesig wees. Die dinamiek wat Foucault aan die verskynsel van mag verleen het, het ook vanaf die sewentigerjare historici genoop om opnuut op die magsfaktor in politieke geskiedenis te let.

Onder die gemeenskaplike noemer van politieke geskiedenis is tradisioneel aanvaar dat diplomatieke en militêre geskiedenis 'n prominente plek inneem. Daar is aanvaar dat politieke geskiedenis op regerings en regeerders konsentreer en wat hulle reggekry het in die gebruik van hul gesag in verhouding tot die burgers van die staat en in die interaksie wanneer met verteenwoordigers van ander state gekommunikeer is.[7] Dit is onder hierdie benadering tot die verlede dat militêre of krygsgeskiedenis na vore kom. Dit verteenwoordig 'n styl van geskiedskrywing wat dikwels so ingeklee word dat die heldedade van soldate of die wyse waarop 'n veldslag gevoer is op die voorgrond geplaas word. Sodoende word die herinnering aan soldate lewend gehou. Veral die bestudering van die *polemologie*[8] is hier relevant. Polemologiese geskiedskrywing sal van die historikus verwag om binne die sfeer van dieptekennis omtrent konflik, geweld en oorlog die verlede te oorpeins met die doel om die sinvolheid daarvan vir die hede raak te sien. Dit sal ook gaan oor die bruikbaarheid van daardie inligting in die beplanning van strategie in toekomstige omstandighede van oorlogvoering. Die sensasionele aard daarvan het sedert die vroegste menslike bewuswording van die verlede daartoe aanleiding gegee dat aannames gemaak is dat krygsgeskiedenis die essensie van geskiedenis uitmaak. Dit is 'n opvallende verskynsel - veral in die klassieke geskiedenis.[9]

Op die ou einde is dit egter weer eens die politieke geskiedenis wat die botoon voer ten einde 'n gegewe situasie in 'n veranderde situasionele staat van gevestigde kontekste te plaas. Solank oorlog aan die gang is, hou krygsgeskiedenis die menslike verbeelding gevange. Omdat die lotgevalle van so baie mense daarby betrokke is, het militêre geskiedenis 'n groot leserspubliek. Dit is ook sensasioneel en veroorsaak belangstelling, veral onder diegene wat nie regstreeks daarby betrokke hoef te

7 RV Daniels, **Studying history: how and why** (Englewood Cliffs, 1972), p. 26.
8 Polemologie is afgelei van die Griekse woord *polemos* wat oorlog beteken.
9 VD Hanson, "The dilemmas of the contemporary military historian" in E Fox-Genovese en E Lasch-Quinn (reds.), **Reconstructing history: the emergence of a new historical society** (New York, 1999), pp. 189-90.

wees of daardeur geraak word nie.[10] Daar is sprake van orde. Dit kan ontvou soos 'n skaakspel, of in 'n narratief oor wilde skietery ontaard, waarin mense gedood word. Militêre en krygsgeskiedenis is en bly 'n dinamiese terrein wat polities vanuit 'n verskeidenheid perspektiewe beskou kan word. Krygsgeskiedenis sal veel eerder op die verhaal van individuele veldslae en tegnieke van oorlogvoering konsentreer terwyl militêre geskiedenis op die militêre geordende sisteme konsentreer wat in die proses van die instandhouding van vrede en die handhawing van orde in 'n tyd van oorlog betrekking het.

In die eerste plek gaan dit oor 'n stellinginname van die wyse waarop begeesterde mense bepaalde beginsels in stand gehou het of vir ideologiese doeleindes omgeskakel het ten einde 'n bepaalde samelewingsingesteldheid tuis te bring. As gehoorsame "vaderlandsliewende" burgers - patriotte - was hulle bereid om hulle lewens op die spel te plaas ten einde in die belang van hulle land en sy mense te sterf. Die politiek wat daarmee verband hou, is dikwels van so 'n aard dat oorlog in die meerderheid gevalle die resultaat is van politici wat nie daartoe in staat is om tot 'n vergelyk te kom oor sake wat van die grootste belang vir hulle navolgers se toekoms is nie. Die drama van die lewe is egter eenmaal so dat vlakke van betrokkenheid menslike oordeel in so 'n mate tydelik beïnvloed dat baie deelnemers aan oorlog en stryd bereid is om hul lewens vir 'n bepaalde saak neer te lê - mits dit moontlik is om oortuig te wees dat die eie saak wat verdedig moet word, geregverdig is en dié van die vyand aan die ongeregtigheid grens. Dit is ook so dat ander mense weer, bloot op grond van 'n behoefte om 'n bepaalde lewenswyse uit te leef waarmee hulle vertroud is ('n militêre omgewing), hulle dienste aanbied om byvoorbeeld as huursoldate aan stryd deel te neem. Die algemene menslike toestand is van so 'n aard dat daar 'n magdom dimensies in ag geneem moet word voordat die drama van die lewe in verskillende dimensies verstaan kan word.

Weer eens is militêre geskiedenis die produk van die agtergrond- of dieperliggende faktore wat tot 'n bepaalde dinamika van samelewingsgewete aanleiding gee. Dit is dus van belang dat die analise van gegewe omstandighede in ag geneem word wanneer oorlog in enige faset ontleed word. Koloniale of imperialistiese oorloë het veral in die negentiende eeu daartoe aanleiding gegee dat die idee van die nasionale staat alle ander samelewingsvorme eenvoudig in manifestasie oordonder het. Byvoorbeeld, baie samelewings buite Wes-Europa is aan koloniale oorheersing onderwerp. Daardeur het sommige tradisionele nie-Europese samelewings hul soewereine status van vrye handelingsbevoegdheid tydelik verloor.[11] Die regverdigheid van 'n benadering van hierdie aard sou eers in die twintigste eeu wesentlik bevraagteken word. Dit was nadat die kwessie van internasionale reg en die vraag-

---

10 **Ibid**., p. 189.

11 H Arendt, **The origins of totalitarianism** (Tweede uitgawe (1958), Cleveland, 1966), p. 127.

stelling na die noodsaak vir universele menseregte 'n saak van erns in die wêreldgemeenskap geword het.

Dit is belangrik om noukeurig kennis te neem van die politieke kragte wat histories in werking gestel is om die konflikpotensiaal van 'n gegewe situasie óf te verhoog óf te verlaag. In die meerderheid gevalle sal 'n styging in die konflikpotensiaal, oor 'n sekere grens, nouliks afneem sodra dit eers 'n bepaalde vlak van intensiteit bereik. Die redes daarvoor is dat onderliggende kragte in werking gestel word om die mobilisering van gemoedere in die hand te werk. Hierdie werk kan nie sonder meer ongedaan gemaak word nie. Partye wat by konflik betrokke raak, is gewoonlik daarop bedag dat onderhandelings in 'n groot mate aangewese is op die spel wat vooraf gespeel kan word om te verseker dat 'n onderhandelingsbevoegdheid of toereikende vertoon voorberei word wat 'n bewussyn van politieke mag om die onderhandelingstafel kan aanwakker.

Dit is nie moontlik om geskiedenis sonder 'n noukeurige besef van hierdie potensiële kragte te bedryf nie. Die historikus sal, uit hoofde van 'n vanselfsprekende kultuur- of intellektueelgedetermineerde voorkeur, bykans altyd binne 'n bepaalde kamp funksioneer. Dit is nie moontlik om ooit neutraal in enige stryd te staan nie. Daar is te veel emosie daarby betrokke, veral gegewe die feit dat menslike lewens op die spel geplaas word. Daar is politieke teoretici wat van die standpunt sal uitgaan dat alles in die menslike lewe met die politiek verband hou. Van die wieg tot die graf is die mens gewikkel in 'n spel om die verkryging en behoud van politieke mag. Dit is gewoonlik die resultaat van kondisionering - hoe die mens daarop ingestel word om binne 'n milieu van onsekerheid die optimale vertoning te lewer ter verkryging en konsolidering van politieke mag. Terwyl dit noodsaaklik is, is dit ook so dat ander faktore moontlik 'n uitwerking op politieke aksie het. Geestestoestande van mense verander voortdurend. Uitputting, siekte en depressie is alles faktore wat politieke bewussyn in 'n verskeidenheid van fasette sal affekteer.

Sedert die sewentigerjare het verskuiwings in die arena van politieke wetenskappe plaasgevind. Politieke geskiedskrywing is ook daardeur beïnvloed. Een tendens is tans dat wegbeweeg word van harde "wetenskaplike" beginsels, wat toenemend tot gevolg het dat kennis geneem word van 'n sagter antropologiese benadering, soos onder meer voorgestel deur die antropologiese teorie van Clifford Geertz. Daardeur word strategies te werk gegaan om psigologiese aksente in politieke wetenskap in te voer.[12] In die Verenigde State van Amerika is die transformasie van die geskiedenisbedryf duidelik gerig op die depolitisering van die verlede. Die toestand het volgens sommige politieke wetenskaplikes so verander dat byvoorbeeld James

[12] RP Formisano, "The concept of political culture" in **Journal of Interdisciplinary History** 31(3), Winter 2001, p. 407.

E Cronin, in 'n beoordeling van Molho en Wood se werk, **Imagined histories: American historians interpret the past**,[13] met kommer kennis neem van die feit dat tradisionele politieke geskiedenis, diplomatiek, kultuur en godsdiens, nie meer as relevant beskou word om in diepte te bestudeer nie. Die klem word veel eerder op ras en geslag geplaas.[14] Die kontemporêre tendens in die VSA, wil dit dus voorkom, is een waarin tradisionele opvattings omtrent politieke wetenskap (veral vanuit die perspektief van geskiedenis) 'n ander inhoud kry.[15]

Dit is juis in die geledere van die nuwe kultuurhistorici waar daar opnuut 'n belangstelling in politieke kultuur posgevat het.[16] Formissano verduidelik dat die bestudering van politieke kultuur in die dissipline van politieke wetenskap ver terug gaan. Die werk van Herder, De Tocqueville en Montesquieu is belangrik in hierdie verband. Die groot deurbraak van die twintigste eeu was egter in die werk van Almond wat in 1956 binne die raamwerk van sy vergelykende politieke stelsels politieke kultuur raakgesien het in die feit dat elke politieke stelsel veranker is in 'n bepaalde patroon van oriënterings ten opsigte van politieke handeling.[17]

Die behavioristiese benadering het vir 'n lang tyd die politieke wetenskappe in die Verenigde State van Amerika beïnvloed. Dit het ook die geskiedskrywing geraak. Die hernieude belangstelling in kulturele aspekte van die politieke wetenskap kan wel daartoe aanleiding gee dat die rol van geskiedenis in die toekoms aansienlik kan toeneem. Historici aanvaar dat politieke geskiedenis regstreeks deel van die menslike wese uitmaak. Die mens se identiteit en die meeste handelinge wat betekenisvol of sinvol is, kan regstreeks aan politieke dinamika gekoppel word. Gevolglik maak dit sin dat aan die voorpunt van die historiese tradisie van geskiedskrywing die politieke tradisie erkenning geniet. Dit is egter so dat die agentskapsrol van politieke geskiedenis verander het. Sienswyses oor byvoorbeeld die apologetiek, veral in die Suid-Afrikaanse konteks, verhelder die problematiek.

13 A Mohlo en G Wood (reds.), **Imagined histories: American historians interpret the past** (Princeton, 1998).
14 JE Cronin, Resensie: "Imagined histories: American historians interpret the past" in **The Journal of Modern History** 27(3), September 2000, p. 768.
15 **Ibid**., pp. 769-70.
16 Formisano, p. 395.
17 **Ibid**.

Die apologetiek in die geskiedskrywing (ook bekend as kompenserende geskiedskrywing) het in die onlangse verlede 'n problematiese dimensie van die versoeningsproses in die Suid-Afrikaanse samelewing na vore laat kom.[18] Die samelewingsgewaarwordinge omtrent die apartheidsverlede en die wyse waarop dit geïnterpreteer is, het 'n debat ontketen wat die politieke geskiedenis van die land in die laaste vier dekades opnuut vir ondersoek oopgestel het. Apologetiese geskiedskrywing het ten doel om verskoning te vra vir die verlede wat op 'n bepaalde manier uitgeskristalliseer het. Een dimensie van apologetiese of kompenserende geskiedskrywing hou verband met kompensasie. Volgens Fisher gaan dit daaroor om vir identifiseerbare verlies te vergoed: "(C)ompensation refers to 'behavior that develops either consciously or unconsciously to offset a real or imagined deficiency, as in personality or physical ability'. A compensation substitutes for the 'real thing' - fantasy for reality, the ersatz for the substantive. Compensation differs from direct action to restore a loss."[19]

Kompensasie kan ook op 'n meer verhewe vlak geplaas word wanneer dit as tegniek gebruik word om 'n bepaalde andersoortige visie tuis te bring oor aspekte van die verlede wat net deur 'n kontrasterende of alternatiewe voorstelling na behore uitgelig kan word. In hoeverre politieke historici hierdie saak onderling kan besleg, sal nog lank 'n onderwerp van indringende gesprek wees.

## 3. EKONOMIESE GESKIEDENIS

Die ontstaan van ekonomiese geskiedenis word in die Angelsaksiese tradisie teruggevoer na die laat agtiende eeu toe daar in die dampkring van die "Scottish School" - die era waarin Adam Smith sy **Wealth of nations** (1776) geskryf het - 'n tendens was om na die ekonomiese ontwikkeling van die samelewing ondersoek in te stel.[20] In hierdie omgewing het die bestudering van die politieke ekonomie tot die totstandkoming van ekonomie aanleiding gegee. Daaruit het die vroeë belangstelling in die historiese materialisme ontstaan. In Frankryk het die werk van Saint Simon (1760-1825) 'n sterk impetus aan die ontwikkeling van sosialisme gegee. Daarbinne is gesoek na die "sosiale wette" wat verandering beïnvloed. Vanself-

[18] Vir meer hieroor kyk JWN Tempelhoff, "We are utterly sorry. We are deeply ashamed and gripped with remorse" - Menseregte, boetedoening en die kultuurhistoriese toeëieningsproses". Voordrag gelewer by geleentheid van die agtste beraad van die geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, met die tema "In die hof der historie" wat op 25 Januarie 2001 in Pretoria aangebied is. 'n Verkorte weergawe van die voordrag word tans (Januarie 2002) persklaar gemaak.

[19] CS Fisher, "Comment on 'anxiety': compensation in social history" in **Journal of Social History** 33(1), 1999, p. 143.

[20] J Black en DD MacRaild (reds.), **Studying history** (Tweede uitgawe, Houndmills, 2000), p. 54; E Hobsbawm, **On history** (New York, 1997), p. 98; A Marwick, **The new nature of history: knowledge, evidence, language** (Houndmills, 2001), p. 59.

sprekend het ekonomiese ontwikkeling 'n sentrale deel van hierdie aksent uitgemaak.[21] Die deterministiese aard van ekonomiese geskiedenis was nie van meet af aan 'n dominante faktor in die ekonomiese geskiedenis nie. Vanaf die vroegste jare van akademiese gesprek in ekonomie was geskiedenis 'n inherente komponent.[22] Dit was eers in die tagtigerjare van die neëntiende eeu dat 'n *Methodenstreit* in Duitsland posgevat het waarin Carl Menger die sg. historiese skool van ekonomie aangeval het en daarop aangedring het dat die dissipline meer op die analitiese terrein van wetenskap moes funksioneer.[23] Teen die begin van die twintigste eeu was ekonomiese geskiedenis 'n terrein wat met groot welslae ondersoek is, juis deur wetenskaplikes wat nie as ekonome opgelei is nie. Hier word byvoorbeeld aan Max Weber, wat as sosioloog waardevolle insigte omtrent die samelewing vanuit 'n ekonomies-historiese perspektief weergegee het, gedink. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Weber 'n *verstehende* sosiologie nagestreef het. Ofskoon elemente van die interpretatiewe benadering tot die (geesteswetenskaplike) bestudering van die samelewing en kultuur daarin opgesluit was, het Weber ook die nuwe sosiaalwetenskaplike beginsel van *erklärende* verduideliking voorgestaan.[24] Die twintigste eeu is bestrooi met sulke figure wat ekonomiese geskiedenis bedryf het, maar nie hulself hoegenaamd as ekonome beskou het nie.[25]

Vroeë navorsing op die terrein van kwantitatiewe navorsingsmetodologie het juis binne die ekonomiese geskiedenis beslag gekry. Dit was die vroeë Franse *Annales*, soos François Simiand en Ernest Labrousse, wat die pas aangegee het in hul navorsing oor die uitwerking wat langtermyn besigheidsiklusse op lone, pryse, voedselvoorsiening en politieke onrus gehad het.[26] Die tendens wat sterk sosiaalwetenskaplike eienskappe vertoon het, het vir die grootste deel van die twintigste eeu 'n invloedryke rol in die dissipline van geskiedenis gespeel. Veral in die tydperk ná Wêreldoorlog II was die dominante invloed in die geskiedenis sterk op die ekonomiese wetenskappe toegespits, met 'n goeie belading van marxistiese teorie wat daaraan gekoppel is. In die Verenigde State van Amerika het Simon Kuznets in 1950 die leiding geneem met die International Association for Research in Income and Wealth wat op 'n globale vlak aspekte van nasionale ekonomiese stelsels sedert die negentiende eeu ondersoek het. Hierdie navorsingsinisiatief het geldelike steun van die Amerikaanse Social Science Research Council ontvang.[27] Vir die ekonomiese geskiedenis was hierdie ontwikkeling van waarde, aangesien daar nou, in die hoogbloei-era van die klassieke ekonomiese teorie, ook vir die

21 Black en MacRaild, p. 55.
22 GG Iggers, **Historiography in the twentieth century: from scientific objectivity to the post-modern challenge** (Hanover, 1997), pp. 37-8.
23 Hobsbawm, pp. 98-9.
24 GG Iggers, **Historiography...**, pp. 38-9.
25 Hobsbawm, pp. 94-5.
26 Iggers, in Topolski, **Narration...** , p. 14.
27 Marwick, p. 127.

historistiese benadering voorsiening gemaak is. Die *Annales*-skool was 'n belangrike aansporing in die rigting van hierdie denke. In die VSA het die marxistiese ekonomiese historikus, I Wallerstein, 'n deurslaggewende rol op dié terrein gespeel.[28] Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het historici soos Stanley Engerman, Robert Fogel en Douglass North die nuwe ekonomiese geskiedenis gebruik om statistiese patrone van groei saam te stel. Daaruit is gekwantifiseerde modelle vir groei ontwerp.[29] Die kwantitatiewe metodologie het tot gevolg gehad dat in veral die ekonomiese geskiedenis die klem weggeskuif het van die individu en daar eerder op die massa gekonsentreer is. Daaruit het die dissipline van *cliometrie* beslag gekry. Cliometrie kan omskryf word as geskiedenis wat gebaseer is op die benutting van ekonomiese teorie en metodologie. Statistiek sal vanselfsprekend 'n belangrike rol in hierdie benadering tot die geskiedenis speel.[30] In die laaste tyd was daar 'n betreklike afname in die rigting. Tog is die verwagting dat dit weer eens kan opleef namate die behoefte aan statistiese interpretasie, in plaas van suiwer analitiese beoordeling van syfers in 'n historiese konteks, gesoek word.

EP Thompson, een van die vooraanstaande historici wat 'n betekenisvolle indruk op die twintigste-eeuse geskiedskrywing gehad het, het in 'n mindere mate op 'n kwantitatiewe benadering gefokus.[31] Ofskoon sy geskiedskrywing oor die werkersklas in Brittanje ook as ekonomiese geskiedenis geklassifiseer kan word, het hy daaraan 'n kwalitatiewe inhoud verleen deur byvoorbeeld waarde aan die letterkunde van die werkersklas te heg ten einde sodoende by 'n beter begrip vir 'n groepering van ekonomies betekenisvolle mense in die samelewing uit te kom.[32]

Ekonomiese geskiedenis was aan die begin van die nuwe millennium steeds 'n lewendige dissipline. Daar is trouens binne die dissipline van die ekonomie begin om weg te beweeg van die blote klassieke ekonomiese teorie en weer eens begin om op die ekonomiese geskiedenis te konsentreer. Veral die werk van North en Wallerstein het steeds 'n voorbeeld gestel vir die wyse waarop geskiedenis in die ekonomiese konteks aangebied kan word. Dit was onlangs ook opvallend dat die deterministiese benadering tot die geskiedenis veral op die terrein van die ekonomiese geskiedenis bly voortleef het. Terselfdertyd was daar 'n herleefde belangstelling in die werke van Marx. Volgens Jordanova sê dit baie oor die houding van die samelewing teenoor welvaart en gebruikstendense.[33]

28 Hobsbawm, pp. 171-85.
29 Iggers, in Topolski, **Narration...**, p., 14.
30 P Hudson, **History by numbers: An introduction to quantitative approaches** (Londen, 2000), p. 192.
31 Black en MacRaild, p. 120.
32 Iggers, in Topolski, **Narration...**, pp. 23-4.
33 L Jordanova, **History in practice** (Londen, 2000), p. 20.

Daar is bepaalde teoretiese grondslae in die ekonomiese geskiedenis wat vir historici van groot waarde is wanneer kreatiewe maniere van navorsing oorweeg word. Kontrafeitelike geskiedenis (*counterfactual history*) is een voorbeeld. Daarin is die doelwit om geskiedenis te beoefen na gelang van die uitgangspunt: "Hoe sou die geskiedenis gewees het, as....?" Hierdie benadering het veral in die era van Wêreldoorlog II as 'n belangrike element van die ekonomiese geskiedenis na vore gekom met die doel om makliker voorspellings te maak. Die benadering het egter sy eie beperkinge en tekortkominge wat skerp onder die vergrootglas van kritiek kom. Stone verklaar dat kontrafeitelike geskiedenis hoogstens 'n metodologiese benadering tot die geskiedenis kan wees, met die doel om historiese hipoteses ter sprake te bring. Verder as dit kan dit nie gaan nie.[34] Hobsbawm, wat die ander kant van die saak verteenwoordig, is ten gunste daarvan, aangesien kontrafeitelike geskiedenis noodsaaklike en belangrike funksies kan vervul.[35] Jonger historici, soos Niall Ferguson in Brittanje, is tans besig om aan strategieë te werk om kontrafeitelike geskiedsbeoefening ook op die terrein van die politieke en diplomatieke geskiedenis van toepassing te maak. Die benadering bly egter steeds omstrede en sal nog eers bewys moet lewer dat daaruit daadwerklike voordeel getrek kan word.[36]

## 4. SOSIALE GESKIEDENIS

Die menslike samelewing is 'n betreklike stabiele entiteit wat in baie opsigte verband hou met die innerlike prosesse van kultuur en tradisie en ook 'n bepaalde sin aan die verlede, hede en toekoms gee. Op die oppervlakte mag die prosesse dieselfde wees as wat dit vir honderde jare was. Onderliggend daaraan is egter 'n proses van kommunikasie wat bepaalde denkvoertuie in werking stel wat aan die samelewing bepaalde insigte gee omtrent die wyse waarop daar opgetree behoort te word. Dit is dus wanneer mense in sosiale verband saam verkeer dat hulle in 'n veelheid van opsigte 'n homogene identiteit vorm wat - al is dit van korte duur - waarneembaar is en as 'n karaktereienskap uitgelig kan word. Die transmissie van hierdie gedagtegang binne 'n tydsraamwerk wat op die verlede betrekking het, sou vir die identifisering van sosiale geskiedenis as 'n definisie voorgehou kan word.

Ofskoon die aard en inhoud van sosiale geskiedenis in onlangse jare 'n nuwe inhoud gekry het, sal voorlopig, vir die doeleindes van die bespreking, volstaan word met die definisie dat sosiale geskiedenis betrekking het op die verlede van sosiale instellings en menslike verhoudinge wat wissel van die interaksie tussen mense wat in familiegeledere, klasse en tussen state aan die orde is, tot tipiese

34 L Stone, **The past and the present revisited** (Londen, 1987), pp. 26-7.
35 Hobsbawm, pp. 113-4.
36 Marwick, p. 128.

toestande en gebruike, opvattings en bewegings wat histories waarneembaar is.[37] Die belangrikste verskuiwings wat in die sosiale geskiedenis plaasgevind het, kan regstreeks herlei word tot ontwikkelinge op die terrein van intellektuele geskiedenis waarin daar aksent geplaas word op die denkprosesse van individue.[38] Verder speel die dissipline van kultuurgeskiedenis ook 'n belangrike rol om nuwe vraagstellings aan die sosiale verlede te fasiliteer.

Die grondslae van modernistiese sosiale geskiedenis kan na die negentiende eeu herlei word. Die vader van die moderne sosiologie, August Comte, asook TH Buckle, het ten doel gehad om 'n wetenskap van die menslike samelewing te maak wat sterk ooreenkomste met die natuurwetenskap vertoon. Hulle het in 'n groot mate daarin geslaag. Belangriker nog is dat, veral na aanleiding van die werk van Comte, die mens aan die dink gesit is oor hoe bepaalde tendense van samelewingsfunksionering raakgesien kan word. Comte het orde gebring in 'n denksisteem - die positivisme - wat oor 'n tydperk van ruim twee eeue 'n sterk en betekenisvolle krag in die menswetenskappe geword het. Die agtiende-eeuse verligting het hom die geleentheid gegee om sekere wetmatighede vas te vat wat in 'n era van toenemende meganisering van die samelewing meer voor die hand liggend geword het. Die geskiedenis het in hierdie benaderingswyse die rol vervul van 'n stoorkamer met baie inligting waaruit geselekteer kon word om bepaalde wetmatige tendense uit te spel - vandaar die funksionele en by geleentheid selektiewe benutting van die verlede.

Vandag kan die samelewing in baie opsigte as 'n meganiese proses beskou word. As 'n siektetoestand aan die orde van die dag is, sal die samelewing op 'n bepaalde manier daardeur geraak word. Die MIV-virus is van so 'n aard dat ꞌn sekere segment van die Suid-Afrikaanse bevolking daaronder mank gaan. Dit beteken dat 'n bepaalde respons daarop volg. Die politieke prosesse wat blyke daarvan gee om die tendens te bestuur, is geneig om seine uit te stuur wat tot die voordeel van 'n sekere deel van die bevolking goedkeuring gee om met 'n bepaalde lewenswyse voort te gaan. Vir ander mense is dit 'n teken van hoop. Die verbrokkeling van die samelewing is 'n tendens wat die hele tyd aan die gang is. Omdat verandering in werklikheid die enigste wetmatgheid is, is dit so dat daar 'n konstante aftakelingsproses plaasvind. Dit gebeur dus dat die fenikseffek homself voortdurend voordoen. Met die aftakeling van een stelsel, is daar 'n ander wat in die plek daarvan kom. Dit is nie altyd die aangewese proses nie, maar dikwels die enigste manier waarop daar gereageer kan word, gegewe die wye spektrum van potensiële veranderlikes wat in werking kom.

37 Daniels, p. 26.
38 **Ibid**., p. 26.

Die sosioloog is dan die wetenskaplike wat hierdie tendense effektief kan raaksien.[39] Die sosiologie funksioneer egter ook in 'n vakuum van politieke en ekonomiese kragte wat die aard en wese van die samelewing in die algemeen definieer. In die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu het die sosiologie en geskiedenis baie noue skakeling met mekaar binne dissiplinêre verband gehad. Die invloedryke sosioloog en historikus, Charles Tilly, het in dié tyd daarop gewys dat die geskiedenis 'n bepaalde betekenis vir sosiologie het.[40] Die geskiedenis kan die struktuur van stede en ander samelewings blootlê; die bevolkingstrukture kon gemanifesteer word binne die raamwerk van sekere prosesse byvoorbeeld in die familie, huwelik en die gesinslewe. Daarby het geskiedenis ook die struktuur van elitistiese groepe binne die samelewing blootgelê. Daaruit is dit vir de sosioloog moontlik om stratifikasie en sosiale mobiliteit in samelewingsverband te identifiseer.[41] In hoeverre dit die geval is, blyk uit die volgende: Een van die insiggewendste twintigste-eeuse werke oor die stad, **The culture of cities** (1938), is grootliks gebaseer op die kultuurhistoriese waarnemings van Lewis Mumford.[42] Ook op die terrein van die demografiese geskiedenis was dit juis Henri Pirenne, 'n Belgiese historikus, wat reeds in die vyftigerjare betekenisvolle bevolkingsaannames gemaak het oor die historiese samelewing van Europa.

Historiese demografie kan beskryf word as die bestudering van die vloei van bevolkingsgetalle in tyd en ruimte sodat daar met behulp van die bestudering van geografie en geskiedenis statistiek oor bevolkingsgetalle opgebou kan word.[43] In die meer onlangse historiografie oor die demografie van opkomende lande, het die historikus Coquery-Vidrovitch, 'n belangrike rol gespeel om verhelderende perspektiewe oor die rol van historiese demografie deur te gee vir die verstaan van wat voorheen as die sogenaamde "derde wêreld" bekend gestaan het.[44]

Een van die prominentste manifestasies van die wyse waarop sosiale geskiedenis as sosio-biologiese ingesteldheid die politieke vlak kan betree, is te vind op die terrein van die beregtiging van die vrou in die Westerse samelewing. Sedert die sestigerjare van die twintigste eeu was vroueregte 'n dinamiese terrein van die politieke verhoog in die meeste Westerse state. Ook in die akademiese milieu het hierdie

39 Black en MacRaild, p. 130.
40 LJ Goldstein, "The sociological historiography of Charles Tilly" in H Kozicki (red.), **Developments in modern historiography** (Houndmills, 1993), pp. 86-92.
41 Black en MacRaild, p. 131.
42 L Mumford, **The culture of cities** (Londen, herdruk van die oorspronklike 1938-uitgawe, 1944).
43 Vir 'n interessante definisie kyk R O'Day, **The family and family relationships, 1500-1900: England, France and the United States of America** (Houndmills, 1994), p. 1.
44 C Coquery-Vidrovitch, **Africa: Endurance and change south of the Sahara** (Vertaal uit die Frans, **Afrique Noire: permanences et ruptures** (1985) deur D Maisel, Londen, 1988).

ontwikkelingstendens 'n invloed uitgeoefen.[45] 'n Sterk en invloedryke tradisie van vrouegeskiedenis het daaruit beslag gekry.[46] Nadat die rol van die vrou in die geskiedenis in aansien gestyg het,[47] is meer klem op die verskynsel van geslagtelikheid (en in die besonder maskuliniteit) geplaas.[48] Teen die negentigerjare was die terrein van homoseksualiteit op die voorgrond. Weer eens is eise aan die geskiedenis gestel om insig te verleen oor 'n verskynsel wat van historiese grondslae voorsien moet word.[49] Daar word van die standpunt uitgegaan dat die bestudering van die vergange manifestasies van liggaamlikheid en seksualiteit heelwat lig op die huidige tydsomstandighede kan werp.[50] Onder hierdie omstandighede het geslagtelike geskiedenis 'n prominente plek in die spektrum van historiese studies gekry na aanleiding van die werk van M Foucault. Ofskoon hy in sy werk daarna gestreef het om die ironiese perspektief van gedeeltelike insig op die volledigheid van die menslike liggaam uit te spel, is die verskynsel verpolitiseer. Daaruit het 'n sterk en dinamiese ondersoekveld, te wete biopolitiek, onder die leiding van Heller, Fehér en Riekmann, verskyn.[51] Oor hierdie benadering, wat 'n sterk sosio-politieke inhoud in die geskiedskrywing het, verklaar György: "(B)iopolitics, which was born out of the failure of modernity and universal rationality, basically deals with the abandoned body; or in other words, it is the programme of direct political and cultural intervention in the body."[52]

Die wesentlike gevolge van hierdie benadering spreek uit die volgende uiteensetting van Heller: "It is the politics of the spiritual animal kingdom which has failed to fit into a broader political body of *Sittlichkeit*,[53] or alternatively, which has occupied (usurped) the space of this *Sittlichkeit*. It is the politics of totalitarian society coexisting with free political institutions, and it is the politics of the totalitarian state where there are none of the latter. Biopolitics is cultural politics, the politics of mass culture that will dominate all cultural spaces if no

45 J Scott, "Women's history" in P Burke (red.), **New perspectives on historical writing** (Cambridge, 1991), pp. 42-66.

46 Kyk byvoorbeeld, veral vanuit 'n metodologiese perspektief, na die goeie werk van J Kelly, **Women, history, and theory: the essays of Joan Kelly** (Chicago, 1986), pp. 1-18.

47 R Chartier, **On the edge of the cliff: history, language and practices** (uit die Frans vertaal deur Lydia G Cochrane, Baltimore, 1997), p. 24.

48 Vir 'n insiggewende verslag oor 'n konferensie wat in 1997 aan die Universiteit van Natal oor die benaderingswyse gehou is, kyk R Morrel, "Masculinity in South Africa: towards a gendered approach to the past" in **South African Historical Journal** 37, 1997, pp. 167-77.

49 A McLaren, **Twentieth century sexuality: a history** (Oxford, 1999).

50 R Evans, **In defence of history** (Londen, 1997), p. 164.

51 Kyk F Fehér en A Heller, **Biopolitics** (Aldershot, 1994); A Heller en SP Riekmann (reds.) **Biopolitics: the politics of the body, race and nature** (Aldershot, 1996).

52 P György, "The order of bodies" in Heller en Riekmann, p. 41.

53 Sedelikheid.

countervailing strong passions and commitments cross the paths of its triumphant march."[54]

Die geskiedenis van die menslike liggaam[55] is ook deur die Duitse historikus, A Imhoff, ondersoek. Baie van sy werk is van 'n uitnemende gehalte en hoogs leesbaar.[56]

Wat die geskiedenis van die familie en die gesin betref, is belangrike insigte ook deur historici gegee. Veral op die terrein van die genealogie en familiegeskiedenis is nuwe velde van verkenning geopen. Gesins- en/of familiegeskiedenis is van belang vir die kontemporêre bestudering van geskiedenis. Marwick spel dit byvoorbeeld as volg uit: "The family, whatever changes it is undergoing, remains a central institution in contemporary society. That historians today should be studying it so assiduously is a tribute to the resilience and the relevance of history."[57]

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word onder gesinsgeskiedenis verstaan die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n bepaalde gesin. Indien die gesin as verskynsel in historiese verband ontleed word, kan dit ook binne hierdie kategorie geplaas word. Dit sou ook moontlik wees om te praat van 'n huishoudingsfamilie, maar die begrip val vreemd op die oor en beskik nouliks oor meer betekenis as die begrip gesin.

Familiegeskiedenis het, benewens 'n sosiaalhistoriese inhoud, ook 'n ander betekenis.[58] In die reël het dit betrekking op die genealogiese entiteit van 'n bloedlyn wat aan 'n bepaalde familienaam verbind word en wat histories deur middel van stambome en familiedokumente nagevors kan word. Dit sou ook moontlik wees om die geskiedenis van bepaalde families op 'n makrovlak binne die konteks van 'n samelewing se geskiedenis te bestudeer. Veral op die terrein van aristokratiese en koninklike families is familiegeskiedenis relevant.[59] In die bestudering van gesinsgeskiedenis word gepoog om die werklikheid van die individu binne gesins- en grotere verbande te identifiseer en dan in die vorm van historiese narratief uiteen te sit. Uiteraard het die navorsingsterrein 'n sterk sosiologiese of sosiaalhistoriese grondslag. Vir die historikus bied die veld besondere uitdagings aangesien bepaalde

54 A Heller, "Has biopolitics changed the concept of the political? Some further thoughts about biopolitics" in Heller en Riekmann, p. 15.
55 **Ibid**., p. 8.
56 A Imhof, **Der Mensche und sein Körper: von der Antike bis heute** (München, 1983); A Imhof, **Reife des Lebens: Gedanken eines Historikers zum längere Dasein** (München 1988).
57 A Marwick, **The nature of history** (Derde uitgawe, Londen, 1989), p. 350.
58 Vir 'n bespreking van die terminologiese problematiek in die Germaanse spraakruimte, sien M Mitterauer, "Familie" in R Van Dülmen (red.), **Das Fischer Lexikon: Geschichte** (Frankfurt am Main, 1990), pp. 162-4.
59 **Ibid**., p. 161.

unieke gebruike en tendense, veral deur middel van historiese verstaanstegnieke, makliker verdiskonteer kan word deurdat die historikus in die reël minder op sterk teoretiese uitgangspunte sal konsentreer.

Volgens Marwick is daar in die geledere van historici in essensie drie benaderings tot die beoefening van familiegeskiedenis. Die eerste groepering van historici is geneig om bloot deur middel van kwantitatiewe gegewens 'n historiese indruk omtrent die gesin vas te stel. Die tweede benadering is een waarin gepoog word om al die beskikbare materiaal te tap en sodoende alle moontlike inligting omtrent die geskiedenis van 'n gesin of 'n familie op te diep. Daar word dan aan die hand van die beskikbare materiaal gepoog om 'n koherente narratief van die geskiedenis te skep en sodoende sekere veralgemenings te maak. 'n Derde benadering tot die familiegeskiedenis is een wat gebaseer is op teoretiese uitgangspunte in die sosiale wetenskappe en om die beskikbare kundigheid te gebruik om sekere aannames omtrent die verlede te maak.[60]

In die tradisie van die kwantitatiewe metodologiese benadering tot gesinsgeskiedenis word gepoog om onder meer deur middel van die gebruik van statistiese gegewens omtrent bevolkingsgetalle, mortaliteitsyfers en tendense binne bepaalde geografiese ruimtes uit te kom by die beskrywing van die lewenswyse, optredes en denke van mense wat binne die kernagtigste komponent van die groter gemeenskap histories waarneembaar is.[61] Veral die werksaamhede van die Franse demograaf, Louis Henry, gedurende die vyftiger- en sestigerjare van die vorige eeu het aan historiese demografie 'n besondere inhoud gegee. Sy konsentrasie op die konsep van gesinsrekonstitusie het 'n nuwe rigting in die geskiedenis aangedui.[62] Hy het byvoorbeeld verbindinge gesoek tussen genealogiese materiaal soos onder meer geboorte-, doop-, huwelik- en sterfregisters ten einde 'n beeld van die gesin as sodanig saam te stel.[63] Ko-residensiële navorsing, wat 'n onderdeel van hierdie ondersoekveld uitmaak, het ten doel om vas te stel wat die samestelling van die lede van 'n huishouding is en die wyse waarop hulle funksioneer.[64]

Terwyl die navorsing in familie- en/of gesinsgeskiedenis tot aan die einde van die sewentigerjare grootliks op statistiese analise geskoei was, het daar sedert die laat tagtigerjare 'n groter mate van gesofistikeerdheid ingetree. Die doel was om noukeuriger om te gaan met navorsing oor die terrein. Interpretasies van die gesin het opnuut aandag gekry. Daar is byvoorbeeld ingegaan op die ondersoek van sosio-

60 Marwick, **The nature...**, p. 344.
61 O'Day, p. 2.
62 RT Vann, "Marxism and historians of the family" in H Kozicki (red.), **Developments in modern historiography** (Basingstoke, 1998), pp. 141-2.
63 O'Day, p. 3.
64 **Ibid.**, p. 3.

ekonomiese en godsdienstige gegewens ten einde die individu in die verlede en in die konteks van die gesin na te speur.[65] Van die vroeë voorbeelde van navorsing op hierdie terrein is die werk wat in Brittanje gedoen is deur Edward Shorter, **The making of the modern family** (1977) en Lawrence Stone se **The family, sex and marriage in Engeland from 1500-1800** (1977).[66] Shorter beklemtoon in sy werk die proses van modernisering en hy verwys na die verskynsel van mentaliteite. Stone se werk daarteenoor let in die besonder op 'n bepaalde samelewing in 'n spesifieke tydperk. Hy ondersoek onder meer die proses van evolusie wat die patriargale gesin deurgemaak het en soek na *affektiewe individualisme* – 'n aksent op die kritieke proses van verandering wat plaasvind as gevolg van afstand, verskuiwing en die patriargale stelsel.[67]

In Duitsland het die tendens posgevat dat in 'n meerdere mate op die historiese antropologie gekonsentreer is in die ontsluiting van die gesin en familie in die klassieke geskiedenis. Die Duitsers het in hierdie navorsingsveld ook nougeset saam met Britse, Franse en Italiaanse wetenskaplikes gewerk. Daar is doelbewus wegbeweeg van die tradisionele Duitse antropologie waarin daar op die filosofiese teorie en die biologiese wetenskap gekonsentreer is.[68] In die besonder word in die gesinsgeskiedenis aandag gegee aan veranderende magsrolle wat binne die gesin aan die orde van die dag is. Patriargale of matriargale oorheersing is aansienlik verskuif as gevolg van die invloed van die staat op die organisering van die samelewing. So byvoorbeeld is die opvoedkundige rol van die ouer aansienlik verlig en meer in die sfeer van die skool as opvoedkundige instelling geplaas. Ook die nywerheidsamelewing het 'n struktuurverandering ondergaan. Kothuisbedrywe wat in Europa in die agtiende en negentiende eeu 'n belangrike voorbereidende rol in die nywerheidsomwenteling gespeel het, bestaan tans nie meer nie. Daar is egter ander nywerheidsaktiwiteite wat binne die huishouding uitkristalliseer.[69]

Navorsing wat gebaseer word op teoretiese uitgangspunte in die sosiale wetenskappe kan ook van waarde wees in die navorsing oor die geskiedenis van die gesin.[70] In ooreenstemming met die teorie van Frédéric Le Play (1806-82) kan die gesin in drie kategorieë verdeel word, te wete die patriargale, stam- en onstabiele gesinsverband. In die patriargale gesin is tradisie aan die orde van die dag en al die seuns

65 **Ibid**., p. 4.
66 Marwick, pp. 345-6.
67 **Ibid**., p. 346.
68 E Flaig, "Historisch Antropologie und alte Geschichte" in J Rüsen en E Schulin (reds.), **Geschichtsdiskurs, Band 5: Globale Konflikte, Erinnerungsarbeit und Neuorientierungen set 1945** (Frankfurt am Main, 1999), pp. 238-43.
69 Mitterauer, p. 175.
70 D Riesman stel hom byvoorbeeld ten doel om persoonlikheidstipes in tye van snelle bevolkingsgroei te definieer. Kyk RT Vann se standpunt daaroor in "Marxism and historians of the family" in Kozicki, p. 142.

word in die huis gehou nadat hulle in die huwelik getree het. In die stamgesin word die oudste of 'n ander doelbewuste gekose seun in die gesin uitgesonder om die huishouding in stand te hou. Die ander kinders word dan afgestaan in huwelike en het die geleentheid om huishoudings van hul eie tot stand te bring. Kinders wat nie getroud of selfonderhoudend is nie, word steeds by die oorspronklike huishouding ingeskakel. Die derde kategorie, die onstabiele gesin, is 'n huishouding wat tot stand kom uit die geboorte van kinders en skielik ten einde loop wanneer die erfporsies ná die dood van die ouers onderverdeel word. Sosiale sekuriteit in die moderne era het ook die klem weggeneem wat tradisioneel op familierykdom geplaas is.[71]

Die Britse sosiale historikus, Peter Laslett, het vanaf die sestigerjare, in samewerking met EA Wrigley, waardevolle teoretiese aannames omtrent die klassifikasie van die gesin in historiese opset gedoen. Laslett het byvoorbeeld 'n bydrae gelewer tot die identifisering van die gewone gesinsopset (simple family households), die verlengde huishouding (extended family households), en die meervoudige of komplekse gesinshuishouding (multiple family households).[72] Hy het onder meer daarin geslaag om te wys hoe die "stem family" (stamgesin) in die moderniseringsera verander het om tot die moderne kerngesin aanleiding te gee.[73] As teoretikus het hy 'n belangrike rol gespeel in die geledere van die Cambridge Group for the History of Population and Social Structure. Hy word veral as toonaangewende denker en teoretikus erken.[74]

In meer onlangse tye het die klem weg van die kwantitatiewe aannames verskuif. Daar word aanvaar dat die teoretiese grondslae gelê is. Nou is dit die voor die hand liggende taak van die historikus om deur middel van gedetailleerde studies tot 'n sinvolle verstaan van die huishoudelike opset van die individu, gesin en die kernfamilie oor te gaan. Deur op die ervaring van 'n familie wat werklik bestaan het te konsentreer, is dit moontlik om 'n realistiese indruk te kry van hoe die samelewing op bepaalde tydstippe in die geskiedenis gefunksioneer het. In die proses van beskrywing is dit ook vir die historikus nodig om kennis te neem van die wyse waarop die staat, die kerk, die gemeenskap en die ekonomiese struktuur van die samelewing die gesin en/of familie gesien het. Daar is sprake van 'n bepaalde voorskriftelikheid binne etiese en morele kodes, wetlike regte en pligte, ekonomiese status en tradisie wat aan die orde van die dag was. Dit was gewigtige faktore

71 O'Day, pp. 4-5.
72 Mitterauer, p. 167.
73 Marwick, **The nature...**,, p. 344.
74 Mitterauer, p. 163; O'Day, pp. 3, 6-9; P Slack, "Peter Laslett" in J Cannon, RHC Davis, W Doyle en JP Greene (reds.), **The Blackwell dictionary of historians** (Oxford, 1988), p. 233; Marwick, **The nature...**, p. 343.

wat die identiteit en bestaansreg van die gesin in 'n groot mate bepaal het.[75] Baie van die navorsing op hierdie terrein beklemtoon die fundamentele veranderinge wat in die moderne tyd plaasgevind het. In die besonder word voorkeur aan die belangrikheid van liefde bo prosaïese beskrywings van die huwelik gegee. Ook word minder klem op kontinuïteit en meer op individuele verskynsels geplaas.[76] Daar is egter steeds bepaalde algemene tendense binne die sfeer van gesinsgeskiedenis wat gebruik moet word. So byvoorbeeld is die geskiedenis van 'n gesin in enige fase van die geskiedenis aangewese op koppeling met die regsgeskiedenis en veral wetgewing wat op erfreg, grondbesit en boedelwetgewing betrekking het. Daaruit spruit verskeie tradisies voort wat op sigself aan verandering gekoppel kan word en in die breë konteks van gesinsgeskiedenis aangespreek behoort te word.[77]

'n Ander dimensie van die gesinsgeskiedenis wat belofte inhou, maar in die geval van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing nog min aandag geniet het, is die geskiedenis van dié individue wat nie 'n familieverwantskapsgeskiedenis met 'n gesin het nie, maar wel 'n intrinsieke onderdeel van 'n gesin uitmaak. In die besonder het hierdie kategorie betrekking op huishulpe, diensknegte, handwerkers, leerlinge, stiefkinders, aangenome kinders en/of enige ander deelgenote van 'n gesin. In die besonder kan gelet word op bepaalde sinvolle interpretasies van die geskiedenis van die huishulp, soos byvoorbeeld die verhaal van Elsa Joubert, **Swerfjare van Poppie Nongena**.[78] Een van die beste kontemporêre historiese analises van 'n voorstedelike kultuurverskynsel is die strokiesprentreeks **Madam & Eve** van Francis, Dugmore en Rico wat in 'n groot mate oor 'n tydperk van etlike jare reeds die transformasionele aard van die verhouding tussen die vroulike huishulp en die vroulike werkgewer in die Suid-Afrikaanse samelewing treffend uitdruk.[79] Sedert 1994 het die rol van die Suid-Afrikaanse huishulp een van selfbemagtiging geword en 'n nuwe rol het vir die betrokke beroepskategorie na vore getree. Wetgewing wat minimuminkomste bepaal en voorsiening maak vir bepaalde voorsorg soos byvoorbeeld pensioen en mediese dienste deur die werkgewer, bring mee dat die rol van die huishulp aansienlik verander het. Dit vertoon tans ooreenkomste met tendense wat in die Europese gesin aan die einde van die negentiende en die vroeë twintigste eeu aan die orde was.[80]

75 O'Day, pp. 268, 272-5.
76 Marwick, **The nature...**, p. 344.
77 **Ibid**.
78 E Joubert, Die **swerfjare van Poppie Nongen**a (Kaapstad, 1978 [1996]), ook vertaal in Engels, **The long journey of Poppie Nongena** (New York, 1981-5); LS Venter, "Net ten dele groot Afrikaner-roman" in **Beeld**, 8 Januarie 1996, p. 8.
79 S Francis, H Dugmore en Rico, **Madam & Eve: It's a jungle out there** (Kaapstad, 1998); **Madam and Eve: International maid of mystery** (Kaapstad, 1999).
80 Mitterauer, p. 167.

Daar bestaan egter nog ruim beskrywingsmoontlikhede vir onder meer die geskiedenis van die bywonertradisie wat veral in die laat negentiende en vroeg twintigste eeu 'n onderdeel van die boerende gesinstruktuur uitgemaak het.[81] Daar kan ook op die swart bywoners (plakkers) gelet word en die problematiese verhoudinge wat tussen landheer en grondbewoner bestaan het, veral in soverre die saamwoonooreenkoms deur verhoudinge bepaal is wat op arbeid gebaseer was. In onlangse tye het die verskynsel van die enkelouergesin 'n werklikheid in die samestelling van die gesin geword. Waar een ouer of een of meer kind ontbreek, sou dit moontlik wees om van 'n onvolledige, in teenstelling met 'n volledige, gesin te praat.[82] Ook in hierdie konteks speel die klem wat op die veranderende rol van die vrou in die samelewing geplaas kan word, 'n rol. In die besonder is vroue-geskiedenis relevant wat betref familie- of gesinshistoriese navorsing.

'n Navorsingstegniek wat nou in verband gebring kan word met gesinsnavorsing en biografiese beskrywing is prosopografie. Dit kan omskryf word as multi-polêre biografiese beskrywing waarin die interpretasie van die verlede deur die gedetailleerde bestudering van biografiese gegewens van individue bepaal word.[83] Die gebruik van 'n groot hoeveelheid gedetailleerde gegewens oor die kleinste moontlike individu is aan die orde met die doel om sekere gefundeerde afleidings te maak. In plaas daarvan dat veralgemenings gemaak word oor wat mense of groepe in die samelewing gedoen het, word op spesifieke gegewens gekonsentreer om daaruit 'n bepaalde profiel van handeling in die verlede te ontsluit.[84] Een van die belangrikste twintigste eeuse eksponente van prosopografie was Lewis Namier (1888-1960) wat in sy studie **The structure of politics at the accession of George III** (twee volumes 1929) innoverend te werk gegaan het in 'n era voordat kwantifisering in die historiese werkstegniek deur die ontwikkeling van die rekenaar vergemaklik is.[85] Namier het nie net 'n hersiening van die heldefiguur in die geskiedenis ingelui nie, maar ook daarin geslaag om te identifiseer dat die optredes van politici in die Britse parlement byvoorbeeld die resultaat was van hul herkoms en die ideologiese pretensies wat daarmee gepaard gaan.[86]

Gegewe die problematiek van die hede, sal die ekonomie en die politiek op 'n baie bepaalde manier reageer. Die identiteit van die hede sal uitspel hoe die samelewing daaroor voel. Daar kan agter die skerms gepoog word om die samelewing se gedrag te beïnvloed sodat daar aanvaarding is vir die manier waarop dinge moet funk-

81 Carnegie-kommissie, **Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika** (vyf dele), (Stellenbosch, 1932).
82 Mitterauer, p. 164.
83 Marwick, **The nature...**, p. 402.
84 **Ibid**., p. 91.
85 **Ibid**., p. 91.
86 J Tosh, **The pursuit of history: aims, methods and new directions in the study of modern history** (Eerste uitgawe, Londen, 1984), p. 75.

sioneer. Tog gebeur dit selde. Daar is altyd die enkele faktor waarmee nie rekening gehou word nie. Die gevolg is dat 'n tendens van ontwikkeling plaasvind wat voorheen nie verwag is nie. Die monitering van bepaalde historiese prosesse in die samelewing kan dus met vrug histories nagevors word. Hoe het mense 50 jaar gelede op voedseltekorte gereageer? Hoe gaan hulle in die toekoms daarop reageer? Watter aanpassings kan gemaak word om moontlik onrus te voorkom? Dit is tendense wat histories verantwoord kan word uit empiriese gegewens wat in die verlede opgesluit is.[87] Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat dit veel makliker is om die gewenste uitwerking te kry deur te kyk wat gedoen kan word as die bewindhebbers van 'n regime oor bepaalde magte beskik om bepaalde kragte in werking te stel ten einde 'n bepaalde resultaat te kry.

So byvoorbeeld kan ideologiese voorkeure binne 'n samelewingsverband met welslae geëksploiteer word om gewenste optredes in die samelewing in die hand te werk. Dit mag egter wees dat omstandighede van so 'n aard is dat die respons nie na verwagting is nie. 'n Taalstryd sal byvoorbeeld alleen geslaagd wees as daar sprake van onderdrukking en verontregting van 'n bepaalde spraakgemeenskap aan die orde is. As dit nie gebeur nie, sal die betrokke gemeenskap se respons op taalideologie nie noemenswaardig wees nie. Taal raak die wese van nasionalisme aan. Nasionalisme, ofskoon dit gebonde is aan die idee van 'n nasie, is meer van toepassing op 'n baie beperkte sosiale vlak waar kragte aanwesig is wat maklik gemobiliseer kan word in die psige van die individu. Dit sou dan moontlik meer relevant wees om aan die tendens binne die konteks van patriotisme gestalte te gee.

Nasionalisme sal in die toekoms ook toenemend 'n afwaartse tendens vertoon namate globalisering plaasvind. Die gebeure van 11 September 2001, toe 'n terreuraanval deur Islamitiese ekstremiste op burgerlike teikens in die Verenigde State van Amerika gemaak is, het die afname in nasionalistiese sentiment in dié land tydelik gestuit.[88] Die verwagting is dat dit in die toekoms weer sal afplat. Belangriker is om nou kennis te neem van die feit dat die internasionale samelewing wat Marx in gedagte gehad het, toe nooit binne die raamwerk van 'n klaslose ideologie gerealiseer het nie. Veel eerder het dit in die jare sedert 1989 die gedaante aangeneem van 'n kapitalistiese revolusie wat klassieke ideologiese opponente uit die weg gevee het. Dit was in 'n stadium toe ontoereikende materiële kragte aanwesig was om aan die funksionering van die vryemarkstelsel 'n sinvolle ideologiese teenpool te bied. Dit was 'n radikale verandering wat plaasgevind het. Die sosiale geskiedenis as benaderingswyse het veral vanaf die sestigerjare 'n sterk

87 Vir 'n kreatiewe navorsingsresultaat in hierdie verband kyk, D Wylie, **Starving on a full stomach: hunger and the triumph of cultural racism in modern South Africa** (Charlottesville, 2001).

88 Kyk WA McDougall, "Cold War II" in **Historia** 46(2), November 2001, pp. 305-11.

marxistiese agenda gehad. In die Europese en Anglo-Amerikaanse tradisie het nieu-marxistiese geskiedskrywers die klassieke marxistiese teorie oor die samelewing gebruik om in die verklaring van die verlede op te gaan. Dié benadering het tot diep in die tagtigerjare sterk navolging onder historici gehad.[89] In die postmodernistiese era het daar toenemend klem op kultuurgeskiedenis ten koste van politieke geskiedenis geval. Een van die redes vir hierdie toedrag van sake was dat daar van die rol van taal (en veral literatuur), in die geskiedenis kennis geneem is.[90] Daar is ook wegbeweeg van die geskiedenis van groot globale samelewingstendense. Veel eerder is gelet op individuele gevallestudies. Popkin wys daarop: "Thirty years ago, social history usually implied the study of anonymous masses, often reduced to statistics, but more recently it has been dominated by case studies, often built around first person narratives left behind by obscure individuals in the past...."[91]

In sommige gevalle vorm hierdie benaderings deel van mikrogeskiedenis wat in die sewentigerjare van die twintigste eeu as benadering uitsonderlike navorsingsresultate opgelewer het.[92] 'n Verdere belangrike skuif wat binne die kader van sosiale geskiedenis plaasgevind het, was in die rigting van die nuwe kultuurgeskiedenis.[93]

## 5. TEN SLOTTE: DIE STILERING VAN 'N KREATIEWE VERLEDE

Geskiedenis is die resultaat van menslike kreatiwiteit. Daar kan aanvaar word dat die denkvermoë om die vergangenheid te ontsluit nie in die enkelvoudige psige geleë is nie. Veel eerder gaan dit oor die gesamentlike intellektuele produk wat deur opeenvolgende geslagte historici vrygestel is. Om hierdie rede is dit belangrik om kennis te neem van die geskiedenis van geskiedskrywing (historiografie). Die historikus belees die teks van die verlede as 'n refrein van indrukke wat uit die self ontstaan omtrent vergange werklikheidsindrukke wat aan kritiese oorpeinsing onderwerp word. Die waarde van hierdie indrukke word dikwels oor die hoof gesien. Lesers van tekste soek dikwels op 'n te beperkte grondslag na samehang en sin.

89 Iggers, in Topolski, p. 15.
90 **Ibid**., pp. 17-8.
91 JD Popkin, "Historians on the autobiographical frontier" in **The American Historical Review** 104(3), June 1999, p. 729.
92 Vir meer oor mikrogeskiedenis kyk Chartier, p. 17.
93 Vir meer hieroor kyk JWN Tempelhoff, "Skotomisering en die nuwe kultuurgeskiedenis: 'n eschatologiese hoogtepunt?" in **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** 16(1), Junie 2002, pp. 1-16.

Die taak van die historikus sou wees om daarop te let dat 'n stilistiese benadering tot die dissipline beslag kry wat die persoonlike indrukke omtrent die verlede op 'n doeltreffende en wetenskaplike manier kan oordra. Terselfdertyd sou dit ook 'n ideaal wees as die stilistiese inslag van so 'n aard is dat die leser geprikkel word om verder in die bestudering van die geskiedenis verdiep te raak.

Dit is moontlik om 'n beeld van die verlede bloot uit enkele metaforiese en suggestiewe spikkels op te bou. In hierdie verband is die pointillistiese tegniek van Theodore Zeldin, wat in die sewentigerjare van die vorige eeu na vore gekom het, van waarde. Zeldin redeneer dat dit sy doelwit is om 'n beeld van die verlede daar te stel, maar dit kan bloot in die vorm van verbintenisse deur middel van punte daargestel word. Dit is die taak van die leser om die nodige verbindings te maak.[94] Die historikus is verbind aan die verlede. Dit vorm 'n naelstring wat die rigting aandui van 'n chronologiese en sinvolle samehang van dinge waaruit 'n eiesoortige werklikheid ontwikkel word. Kulturele diskontinuïteite is dan meer as net die resultaat van tyd en ruimte. Dit gaan oor voorstellings van die skryf- en/of 'n voorstellingswyse - die styl - van die historikus. Daardie styl is in die persoonlikheid gesetel wat 'n teks daarstel en sodoende 'n bepaalde gees van die tyd versinnebeeld. Terwyl dit noodsaaklik is vir die historikus om ten minste 'n aanduiding te kry oor die soort geskiedenis wat beoefen word, gaan dit ook veral oor die swaartepunte wat in die kontemporêre wetenskaplike kennis opgesluit is. Die kruisings waar dié denke mekaar ontmoet, kan gereken word as belangrike mylpale in die intellektuele skepping van 'n verhuidiglikte verlede.

94 G Himmelfarb, "Postmodernist history" in Fox-Genovese en Lasch Quinn, p. 75; Kyk ook Evans, p. 136.